BYLAE A

Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Eksamenadministrasie

EKSAMENPROSEDURE: SMARTLOCK-SEKURITEITSTELSEL

A. AKTIVERING VAN DIE GRIDLOCK ACCESS MANAGEMENT SOLUTION (GLAM)-SLIMSLEUTEL

*U moet ten minste **'n uur en 'n half** voor elke sessie u GLAM-slimsleutel voorberei.*

1. Skakel die GLAM-slimsleutel aan deur die kragknoppie ⏻ in te hou totdat die vertoonskerm verlig en die groen liggie voortdurend vertoon. 'n Blou balkie (data bar) sal oor die vertoonskerm beweeg en moet as "DATA TRANSFER BUSY" vertoon. Wag vir die GLAM-slimsleutel om as "READY" te vertoon voor enige aksies uitgevoer word. **Laat 'n paar sekondes toe vir die GPS & GSM om 'n netwerkverbinding te bewerkstellig.** Die satelliet-ikoon sal geel vertoon.

B. AFLAAI VAN DIE ROOSTERS

Elke Dinsdag/Woensdag van elke week tydens 'n eksamentydperk, sal 'n e-pos en SMS aan die prinsipaal/sentrumbestuurder gestuur word waarin opdrag gegee word om die spesifieke skool of eksamensentrum se roosters/sessies af te laai.

1. Maak seker dat die GLAM-slimsleutel se status as "READY" vertoon.
2. **Druk die "lock"- en "unlock"-knoppies gelyktydig om beskikbare roosters/sessies af te laai. Terwyl "DATA TRANSFER BUSY" vertoon, wag vir die GROEN en dan die BLOU oordragbalkies om heeltemal oor die vertoonskerm te beweeg.**
   Na die aflaaiproses suksesvol voltooi is, verskyn die beskikbare getal roosters/sessies op die geel slot aan die bokant van die vertoonskerm. Die sessies kan op die GLAM-slimsleutel geverifieer word deur die kragknoppie een keer te druk. U kan deur die sessies blaai deur elke keer die kragknoppie te druk.
3. Die GLAM-slimsleutel is nou gereed om **gebruik te word**.

C. OOPMAAKPROSES

*Moet **'n uur voor** elke eksamensessie uitgevoer word.*

1. DRUK die GLAM-slimsleutel **HEELTEMAL** in die ROOI SEËL in. Maak seker dat die verbinding tussen die GLAM-slimsleutel en die rooi seël stabiel bly.
2. Druk die **"UNLOCK"**-knoppie en moet **DIT NIE VERWYDER** voordat die "unlocking and transfer"-proses heeltemal voltooi is **NIE** (wag vir die groen balkie en dan die blou balkie om **heeltemal** oor die vertoonskerm te beweeg).
3. **VERWYDER DIE GLAM-SLIMSLEUTEL** EN SLUIT DIE SEËL (slot) OOP sodra die "AUTHORISED UNLOCKING" suksesvol voltooi is **(die seël sal nie oopsluit terwyl die GLAM-slimsleutel nog in die rooi seël is nie)**.

D. SLUITPROSES

*Moet **binne een uur ná** die afloop van elke eksamensessie uitgevoer word.*

1. Maak seker dat die seël toe is en noukeurig oor die knip van elke swart seilsak geplaas is.
2. DRUK die GLAM-slimsleutel in die rooi seël (maak seker dat die verbinding tussen die GLAM-slimsleutel en die rooi seël bestendig is).
3. Druk die "**LOCK**"-knoppie en moet **DIT NIE VERWYDER** voordat die "locking and transfer"-proses heeltemal voltooi is **NIE**. (wag vir die groen balkie en dan die blou balkie om **heeltemal** oor die vertoonskerm te beweeg).
4. Sodra die sluitproses voltooi is, wag vir die "*DATA TRANSFER*" om klaar te laai.
5. **LET WEL:** Maak seker dat die GLAM-slimsleutel gelaai is en dat die batterysterkte betroubaar is vir die duur van die eksamentydperk.

Bylae B

HOE OM SKEDULES/SESSIES OP DIE GLAM-SLIMSLEUTEL AF TE LAAI

Lock-knoppie

Unlock-knoppie

Druk die *lock* en *unlock*-knoppies gelyktydig.

KONTAKBESONDERHEDE VIR SKOOL SE GEDELEGEERDES

SKOOL SE NAAM: _____

SKOOL SE LANDLYNNOMMER: _____

PRINSIPAAL SE NAAM	SELFOONNOMMER	E-POSADRES

ADJUNKHOOF SE NAAM	SELFOONNOMMER	E-POSADRES

SBS-LID SE NAAM	SELFOONNOMMER	E-POSADRES

_____ _____

PRINSIPAAL SE HANDTEKENING **DATUM**

SKOOL SE STEMPEL

Bylae D

HOE OM DIE SESSIES WAT AFGELAAI IS, TE VERIFIEER

Sessie- en sentrumnommer

Druk die *ON/OFF* - knoppie een keer vir elke sessie

Hierdie verifikasie moet gedoen word nadat elke besending op die GLAM-slimsleutel afgelaai is.